HET JAN MARAIS
NATIONALE FONDS

FINANSIËLE JAAR 2014-2015

VOORSITTERSVERSLAG

Gelewer op 23 Junie 2015

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

ALGEMEEN

Hierdie is die laaste voorsittersverslag wat ek sal lewer aangesien ek die trustees ingelig het dat ek op 30 September 2015 gaan uittree as 'n trustee en die voorsitter van die Fonds. Op 17 September 2015 word ek 74 jaar oud en na my mening is dit tyd om te gaan. Enkele jare gelede het die trustees op 'n algemene aftree-ouderdom van sewentig vir nuwe trustees besluit, 'n besluit wat op die noodsaak van voortdurende vernuwing dui. Die belangrikste oorweging in my besluit was egter die gevoel uitgedruk deur die Romeinse digter Horatius: "Eheu, fugaces labuntur anni". 'n Meer positiewe verwoording sou Voltaire se slotwoorde in sy Candide wees: "Il faut cultiver notre jardin". Dit kon ek by die Jan Marais Nationale Fonds doen.

Ek het elders gesê dat die voorsitterskap van Het Jan Marais Nationale Fonds die lekkerste taak was wat ek in my hele afwisselende lewe gehad het. Natuurlik was dit lekker om Vader Kersfees te kan speel, maar die werklik genot was om 'n verskil in Stellenbossers se lewens te maak en om 'n bydrae tot 'n unieke, kosbare en lewendige kulturele erfenis, die Afrikaanse taal, te lewer.

Die afgelope 99ste bestaansjaar van Het Jan Marais Nationale Fonds was weer eens finansieel 'n goeie een vir die Fonds, hoewel nie so positief vir ons land nie.

Ons beleggings het 'n nuwe hoogtepunt bereik en ons kon sonder enige sorge voortgaan om die Fonds se oogmerk te bevorder en terselfdertyd die finansiële toekoms daarvan te versterk. Die trustees het ook op administratiewe vlak vernuwend opgetree.

Ons stigter, wyle mnr Jan Marais, se testamentêre opdrag van 1915 kon ons 'n honderd jaar later luisterryk en op verskillende maniere vier. Sy wense bly relevant en die trustees gaan voort om aan die gees daarvan uitvoering te gee deur die bevordering van die belange van die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika, van alle kleure en agtergronde, met voorkeur aan dié in die dorp en distrik Stellenbosch.

Met ons land gaan dit ongelukkig nog steeds nie so goed nie. Die regering, herverkies in Mei 2014, bly rigtingloos en word gekenmerk deur wydverspreide korrupsie (waarvan die Nkandla-skandaal simptomaties is). Die verontagsaming van die letter en gees van ons Grondwet deur die Zuma-regering word endemies, soos onlangs weer bewys is deur die gebeure rondom die verontagsaming van die internasionale lasbrief teen die Soedanese president Al Basjir. Die gewone burger word voortdurend blootgestel aan geweldadige misdaad, wat saamhang met die ondoeltreffendheid van die SAPD en op 'n meer diepliggende vlak die skynbaar onoorbrugbare gaping tussen ryk en arm. Die voortgesette ondergrawing van internasionale en nasionale beleggersvertroue deur die regering op vele maniere vererger die probleem van werkloosheid.

In ons dorp en distrik, en in die Wes-Kaapse provinsie, gaan dit relatief goed. Nietemin bly daar groot armoede, veral in die bruin gemeenskappe waar dwelmmisbruik en bendegeweld 'n groot probleem bly. Die provinsiale en plaaslike DA-regerings sal met groter daadkrag hieraan aandag moet gee.

Die regering se verwaarlosing van die kulturele regte van ons land se gemeenskappe (in die geval van Afrikaanssprekendes selfs die ondergrawing daarvan deur aanvalle op Afrikaanstalige skole en universiteite) bly 'n bron van kommer en 'n aansporing vir organisasies soos ons s'n om dit in samewerking met ander instansies teen te werk. Ook die ondergrawing van die SAUK se onafhanklikheid is sorgwekkend.

FINANSIES

Die onsekerhede in die internasionale ekonomie het aangehou. Die krisis in die Euro-sone word deur die stryd met die nuwe Griekse regering lewendig gehou. China en ander Oos-Asiatiese lande word al hoe meer dominant in die nuwe internasionale ekonomie. En die voortdurende onrus in die Nabye Ooste en in die Oekraïne dra tot die onsekerheid by.

Nietemin was die finansiële jaar tot 28 Februarie 2015 weer eens ‘n baie goeie een vir Het Jan Marais Nationale Fonds.

Die Fonds kon die afgelope finansiële jaar afsluit met totale bates van byna ‘n anderhalf miljard rand, te wete R1 390 711. Dit is weer eens ‘n rekord in die Fonds se bestaan waarop die trustees en ons batebestuurders trots kan wees. Ook het die Fonds se inkomstestaat weer ‘n sterk styging in bruto inkomste vir die jaar getoon (van R27,8 miljoen na R34,2 miljoen, eweneens ‘n rekordbedrag), terwyl ons netto-inkomste stewig toegeneem het tot R24,5 miljoen (teenoor R19,9 miljoen in 2013-2014).

Die bevredigende inkomsteposisie het die trustees in staat gestel om skenkings ten bedrae van amper R15 miljoen te maak, ‘n styging vergeleke met die vorige jaar se R14,4 miljoen.

DANKWOORDE

Ek spreek graag weer my dank uit teenoor ons batebestuurders: BoE Aandelemakelaars en Coronation Batebestuurders. Hulle beleggingsprestasies in wisselvallige markte was goed en ons verhouding met hulle hartelik.

Hartelike dank ook aan ons altyd betroubare ouditeure, die Stellenbosse kantoor van PriceWaterhouseCoopers.

Soos in vorige jare wil ek my dank teenoor elkeen van die trustees individueel uitspreek. Baie dankie aan Emma Knoetze wat as trustee bedank het, en baie welkom aan Arend de Waal wat in haar plek as trustee aangewys is. Ons sien baie uit na sy bydrae in die toekoms.

Besondere dank aan ons sekretaris, Annamia van den Heever, wat reeds haar stempel op die Fonds se aktiwiteite afgedruk het. Haar rol in die eeufeesviering van Mei 2015 was buitengewoon.

PAD VORENTOE

Die trustees sal voortgaan om die Fonds se toekoms te verseker, veral deur goeie finansiële toesig, maar ook deur deurlopende aandag aan ons opdrag in ‘n sterk veranderende omgewing.

Die viering van die 100-jarige bestaan van die Fonds in Mei 2015 en die boek oor die Fonds en sy stigter deur prof Pieter Kapp was hoogtepunte. Veral die dinee die aand van 30 Mei 2015 in die woning van mnr en mev JH Marais op Coetzenburg was gedenkwaardig.

My finale woorde aan u: Sterkte vorentoe met die uitvoering van Jannie Marais se opdrag in veranderde tye. Doe zo voort!

A H VAN WYK
23 Junie 2015